FLUITJIE BLASER BELEID

INLEIDING

Die NG Gemeente Swellendam is totaal verbind om bedrog, korrupsie, diefstal en enige ander vorm van ongerymdheid, binne die kerk te beveg, ongeag of die betrokke persone of partye intern of ekstern aan die kerk verbind is. Om die fluitjie te blaas is ‘n baie belangrike komponent in hierdie stryd en daarom besef die kerk dat daar die nodige beskerming verleen moet word aan fluitjie blasers. Die NG Gemeente Swellendam het derhalwe in ooreenstemming met sy etiese kode en in voldoening aan die anti- korrupsie, beskerming en ander relevante wetgewing, hierdie beleid aanvaar.

WAT IS FLUITJIE BLAAS

Dit is die openbaarmaking deur ‘n werknemer van vertroulike inligting wat verband hou met gevaar, bedrog of enige ander onwettige en onetiese ongerymdheid in die werksplek. Hierdie openbaarmaking kan wees teen die werkgewer self of ‘n mede werknemer.

DIE DOEL VAN DIE BELEID

Die doel van die beleid is om voorsiening te maak dat werknemers bedrog, diefstal, korrupsie en enige ander ongerymdheid sonder vrees vir moontlike nagevolge kan rapporteer.

Die beleid is ontwerp om:

- Beskerming te verleen aan werknemers wat sulke openbaarmakings maak;
- Voorsiening van prosedures ten einde werknemers instaat te stel om ‘n verantwoordelike en beskermde openbaarmaking te kan doen;
- Voorsiening van hulp en bystand waar ‘n fluitjie blaser benadeel is nadat daar ‘n beskermde openbaarmaking gedoen is.

OMVANG VAN DIE BELEID

Die beskerming wat deur die beleid verleen word kan slegs in werking tree indien daar ‘n beskermde openbaarmaking, in goeie trou en sonder enige persoonlike voordeel gemaak is. Die beleid dek die voorsiening van alle inligting en sluit die volgende in:

- Dat ‘n kriminele oortreding begaan is, of heel waarskynlik gaan plaasvind.
- Daar was nie voldoening aan wetlike vereistes.
- Dat nie voldoening aan geregtigheid geskied het, besig is om te geskied, of nog gaan geskied.
- Dat die gesondheid en veiligheid van ‘n individu of individue in gevaar is of heel moontlik in gevaar gestel gaan word.
- Dat die omgewing beskadig is, of waarskynlik beskadig gaan word.
- Optrede van onbillike diskriminasie.
- Waar enige van die bogemelde doelbewus verbloem was, verbloem is, of heel waarskynlik verbloem gaan word.

DIE NG GEMEENTE SWELLENDAM SE VERBINTENIS

Die Gemeente is verbind tot hierdie beleid en onderneem dat waar ‘n werknemer ‘n beskermde openbaarmaking doen, te sorg dat die werknemer geensins negatief daardeur geraak sal word nie. Hierdie verbintenis is egter slegs geldig indien die werknemer nie self betrokke was by die ongerymdheid nie.

Met bogemelde in ag geneem, is die Gemeente se verbintenis teenoor die werknemer wat ‘n beskermde openbaarmaking maak, dat die werknemer nie onderwerp sal word aan die volgende nie:

- Dissiplinêre optrede.
- Ontslag, posverlaging,skorsing, teistering of intimidasie.
- Verplasing teen die werknemer se wil.
- Weiering van bevordering of verplasing.
- Verandering in diensvoorwaardes en aan aftrede voorwaardes tot nadeel van die werknemer.
- Weiering deur die werkgewer om ‘n verwysing te gee vir die werknemer, of om ‘n negatiewe verwysing te gee.
- Weiering van aanstelling vir poste waarvoor aansoek gedoen is (mits hy geskik is).
- Gedreig word deur enige van bogenoemde aksies nie.

Enige ander optrede wat die werknemer negatief kan raak ten opigte van sy beroep, werksgeleenthede en werk sekuriteit.

Indien ‘n werknemer vermoed dat hy negatief beïnvloed word deur bogemelde optrede, moet hy dit onmiddellik skriftelik aanmeld by die Voorsitter van Diensverhoudinge.

Rapportering word direk aan die Voorsitter van Diensverhoudinge gedoen.

Beskerming deur die beleid sal nie verleen word in gevalle waar die fluitjie blaser self geïmpliseer is nie